Heidelbergse Kategismus

Sondag: 45

Heidelbergse Kategismus	Sondag: 45
Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?	Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis: En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.
Vraag 117: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?	Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig. Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het.
Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?	Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het.
Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?	Antwoord: Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis:



Psalm 50:14–15: Offer dank aan God, betaal jou geloftes aan die Allerhoogste. Roep My aan in 'n tyd van nood; Ek sal jou red, en jy sal My eer."

Vraag 116: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis. En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank.



Matteus 7:7–8: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word.

Lukas 11:9–10: Ek sê vir julle: "Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en julle sal vind; klop, en vir julle sal oopgemaak word. Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word.

Lukas 11:13: As julle wat sleg is, dan weet om goeie geskenke aan julle kinders te gee, hoeveel te meer sal die hemelse Vader die Heilige Gees gee aan hulle wat Hom vra!"

1 Tessalonisense 5:17–18: bid sonder ophou; wees in alle omstandighede dankbaar; want dit is God se wil vir julle in Christus Jesus.

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het,



Johannes 4:22–24: Julle aanbid dit wat julle nie verstaan nie; ons aanbid dit wat ons verstaan, want die verlossing kom uit die Jode.

Openbaring 19:10: En ek het voor sy voete neergeval om hom te aanbid. Maar hy sê vir my: “Moet dit nie doen nie! Ek is net ’n mededienskneg saam met jou en jou broers wat die getuienis oor Jesus huldig. Aanbid God, want die getuienis oor Jesus is die gees van die profesie

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep



Psalm 145:18: Die HERE is naby almal wat Hom aanroep, almal wat Hom in waarheid aanroep.

Johannes 4:24: God is Gees, en wie Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid.

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid.



Romeine 8:26: So kom die Gees ons ook in ons swakheid tot hulp, want ons weet nie mooi waarvoor ons behoort te bid nie; maar die Gees tree self vir ons in met versugtinge wat nie verwoord kan word nie.

Jakobus 1:5: As enigiemand van julle wysheid kortkom, laat hy dit vra van God, wat aan almal gee, sonder voorbehoud en sonder verwyt, en dit sal aan hom gegee word.

1 Johannes 5:14: En dit is die vrymoedigheid wat ons voor Hom het: Dat Hy ons gebede verhoor as ons iets volgens sy wil vra.

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken



2 Kronieke 20:12: Ons God, sal U hulle dan nie oordeel nie, want ons het nie die krag om hierdie groot menigte wat teen ons optrek, teen te staan nie. Ons self weet nie wat om te doen nie, maar op U is ons oë gerig.

Psalm 143:2: Moet net nie u dienskneg voor die gereg daag nie; want niemand wat leef, is voor U regverdig nie.

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig.



Psalm 2:11: Dien die HERE met ontsag en juig Hom toe met bewing!

Psalm 34:19: ’n Regverdige ervaar baie teenspoed, maar uit dit alles red die HERE hom.

Jesaja 66:2: Al hierdie dinge – my hand het dit gemaak; so het alles ontstaan,” is die uitspraak van die HERE. “Op so iemand sal Ek ag slaan: op ’n magtelose met ’n verslae gees, wat sidder vir my woord.

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig. Ten derde het ons hierdie vaste grond



Romeine 8:15–17: Julle het immers nie ’n Gees ontvang wat verslawing bring, sodat julle weer bang hoef te wees nie; nee, julle het die Gees ontvang wat bevestig dat ons tot kinders aangeneem is, en deur Hom roep ons “Abba, Vader!” Die Gees self getuig teenoor ons gees dat ons kinders van God is. Maar as ons kinders is, is ons ook erfgename – erfgename van God en mede-erfgename met Christus mits ons inderdaad saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word.

Romeine 10:14: Hoe kan hulle Hom dan aanroep, as hulle nie tot geloof in Hom gekom het nie? En hoe kan hulle in iemand glo van wie hulle nie gehoor het nie? En hoe kan hulle hoor sonder iemand wat dit verkondig?

Jakobus 1:6: Maar hy moet in die geloof vra, sonder om enigsins te twyfel

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig. Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor



Daniël 9:17–19: Daarom, ons God, luister na die gebed van u dienskneg en na sy smeekbede, en laat, ter wille van my Heer, u aangesig skyn oor u heiligdom, wat verwoes lê. Draai u oor, my God, en hoor! Maak u oë oop en sien ons verwoeste plekke raak en ook die stad waaroor u Naam uitgeroep is! Want nie op grond van ons regverdige dade lê ons ons smeekbede voor u nie, maar op grond van u oorvloedige barmhartigheid. My Heer, hoor tog! My Heer, vergewe tog! My Heer, gee tog aandag en tree op! Moenie talm nie, om u eie ontwil, my God, want u Naam is uitgeroep oor u stad en u volk.”

Johannes 14:13–14: En wat julle in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik mag word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen.”

Johannes 15:16: Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrug te dra, vrug wat blywend is, sodat, wat julle die Vader in my Naam vra, Hy dit aan julle mag gee.

Johannes 16:23: En op daardie dag sal julle My niks meer vra nie. Amen, amen, Ek sê vir julle: Wat julle die Vader in my Naam vra, sal Hy aan julle gee

Vraag 117: Hoe moet ’n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het, van harte aanroep vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig. Ten derde het ons hierdie vaste grond dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het.



Psalm 27:8: My hart eggo u woorde: “Julle moet my teenwoordigheid opsoek!” U teenwoordigheid, HERE, soek ek op.

Psalm 143:1: HERE, hoor my gebed, luister na my smeekgebed; antwoord my in u trou, in u geregtigheid.

Matteus 7:8: Want elkeen wat vra, ontvang; en wie soek, vind; en vir wie klop, sal oopgemaak word.

Vraag 118: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het



Matteus 6:33: Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word.

Jakobus 1:17: Elke goeie geskenk en elke volmaakte gawe kom van bo af, van die Vader van die hemelligte, by wie daar geen afwyking of skadu van verandering is nie.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid:

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid..

Amen.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid:

Lofprysing

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid..

Amen.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid:

Onse Vader wat in die hemele is,

U-bedes

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid..

Amen.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid:

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

ons–bedes

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid..

Amen.

Vraag 119: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid:

Onse Vader wat in die hemele is,

laat u Naam geheilig word;

laat u koninkryk kom;

laat u wil geskied, soos in die hemel, net so ook op die aarde;

gee ons vandag ons daaglikse brood;

en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe;

en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose.

Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid..

Amen.

Heidelbergse Kategismus

Sondag: 45

SONDAG: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 116

Vraag: Waarom is die gebed vir die Christene nodig?

Antwoord: Omdat dit die vernaamste deel van die dankbaarheid is wat God van ons eis[1]: En omdat God sy genade en Heilige Gees alleen aan hulle wil gee wat Hom met hartlike versugtinge sonder ophou daarom bid en daarvoor dank[2].

1 Psalm 50:14–15
2 Matteus 7:7–8; Lukas 11:9–10; Lukas 11:13; 1 Tessalonisense 5:17–18

SONDAG: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 117

Vraag: Hoe moet 'n gebed wees wat God behaag en deur Hom verhoor word?

Antwoord: Ten eerste moet ons alleen die enige ware God wat Hom in sy Woord geopenbaar het[1], van harte aanroep[2] vir alles waarvoor Hy ons beveel het om te bid[3]. Ten tweede moet ons ons nood en ellende reg en grondig ken[4] sodat ons ons voor sy majesteit kan verootmoedig[5]. Ten derde het ons hierdie vaste grond[6] dat Hy ons gebed, hoewel ons dit nie verdien nie, tog ter wille van die Here Christus sekerlik wil verhoor[7] soos Hy dit vir ons in sy Woord beloof het[8].

1 Johannes 4:22–24; Openbaring 19:10
2 Psalm 145:18; Johannes 4:24
3 Romeine 8:26; Jakobus 1:5; 1 Johannes 5:14
4 2 Kronieke 20:12; Psalm 143:2
5 Psalm 2:11; Psalm 34:19; Jesaja 66:2
6 Romeine 8:15–17; Romeine 10:14; Jakobus 1:6
7 Daniël 9:17–19; Johannes 14:13–14; Johannes 15:16; Johannes 16:23
8 Psalm 27:8; Psalm 143:1; Matteus 7:8

SONDAG: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 118

Vraag: Wat het God ons beveel om van Hom te bid?

Antwoord: Alle geestelike en liggaamlike behoeftes wat Christus saamgevat het, in die gebed wat Hy self aan ons geleer het[1]

1 Matteus 6:33; Jakobus 1:17

SONDAG: 45 - VRAAG EN ANTWOORD: 119

Vraag: Hoe lui hierdie gebed?

Antwoord: Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde; gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.

Kopiereg

© 2026